DEEL 113 | WEEK 34 | 27 AUGUSTUS 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# OK ONDER NUWE BESTUUR




Die gewilde besighede, OK Grocer, Total Garage en die OK Express is sedert einde Julie onder nuwe bestuur. Albert du Plooy, die nuwe bestuurder, vertel dat kliënte kan uitsien na Septembermaand se groot spaargeleenthede wat die hele maand aangebied gaan word. Dit gaan op 'n verskeidenheid produkte wees, teen spotgoedkoop pryse. Gaan na bladsy 2 vir meer inligting.

Kliënte word ook genooi om gerus van die nuwe koffiemasjien se produkte en heerlike vars *donuts* by die OK Express winkel te probeer. Dit is 'n lekker nuwe toevoeging! Daar word op die oomblik restourasies aan die geboue en parkeerterrein gedoen, wat die verkeersvloei sal vergemaklik.

Verder word 'n baie nodige Capitec OTM eersdaags geïnstalleer. Die bestuurspan verseker alle kliënte dat hulle steeds net die beste diens, teen die beste pryse kan verwag. Kragaankope word ook vir die kliënte vergemaklik, deurdat hulle dit nou by enige kasregister kan koop en dit met kontant, debiet- of kredietkaart kan betaal. Gaan loer gerus in!













OK GROCER HEILBRON
AANBIEDINGE GELDIG VANAF 1 - 30 SEPTEMBER 2021
SLEGS TWEE VAN DIESELFDE ITEMS PER PERSOON PER DAG TOEGELAAT TERWYL VOORRAAD HOU
Eienaars waarop jy kan staatmaak!!!
KOOPKRAG IS NOU BY AL ONS KASREGISTERS BESKIKBAAR EN KAN BETAAL WORD MET KONTANT SOWEL AS DEBIET- EN KREDIETKAARTE
OK Liquor
R249.99
CASTLE LIGHT 24x 500ml BLIKKIES
OLOF BERGH 750ml BRANDEWYN
R119.99
NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HEILBRON OK GROCER VANAF 12 SEPTEMBER 2021 OM 17:00 OP SONDAE SAL SLUIT
kom SPAAR in SEPTEMBER by HEILBRON OK Grocer!!!
R9.99
ALBANY, BLUE RIBBON OF SASKO 700g WIT OF BRUIN BROOD
R19.99
CLOVER 2l LAEVET OF VOLROOM MELK
R39.99
BOKOMO WEET-BIX 900g GESINSPAK
R49.99
SUNFOIL 2l CANOLA OF SONNEBLOMOLIE
R19.99
GOLDEN CLOUD KOEKMEEL 2.5kg
R69.99
RICOFFY 750g BLIK KOFFIE
R49.99
OMO AUTO 2kg WASPOEIER
R9.99
COLGATE STANDAARD TANDEPASTA 100ml
R24.99
SELATI 2kg BRUINSUIKER
R14.99
RAMA MARGARIEN 500g BLOK
R39.99
BUSTA 10kg MIELIEMEEL
JJ MALAN BOERDERY LARGE EIERS 30's
R36.99

# ONWETTIGE KRAGVERKOPE

Nog tien verdagtes tussen die ouderdomme van 34 en 54 jaar is op Saterdag 21 Augustus 2021 in Bethlehem en in Senekal, in hegtenis geneem. Hul arrestasies is uitgevoer tydens die tweede fase van die projekgedrewe ondersoek deur die Valke se span vir ernstige kommersiële misdaad in die Vrystaat, in samewerking met ondersoekers van Eskom. Hierdie projekgedrewe ondersoek het in Mei 2020 in Bloemfontein begin na aanleiding van onwettige verkope van elektrisiteit deur handelaars wat elektrisiteit outomate onwettig in hul besit het.

Na verneem word, werk die sindikate in groepe saam en verdien 'n inkomste van ongeveer R150 000 tot R250 000 per dag uit hierdie onwettige elektrisiteitsverkope. Hulle is hoogs georganiseerd, goed toegerus, werk nou saam en is moeilik om op te spoor, omdat hierdie masjiene nie op 'n netwerk werk of op 'n enkele plek handel dryf nie, maar voortdurend rondbeweeg.

Die verdagtes was na bewering verantwoordelik vir die verkoop van onwettige elektrisiteit aan voorafbetaalde kliënte. Hierdie onwettige handel van voorafbetaalde elektrisiteit veroorsaak by Eskom miljoene rande se verliese per jaar. Die voortgesette en toenemende verliese dra aansienlik by tot die verknorsing wat die land ondervind ten opsigte van elektrisiteit. Die inhegtenisnemings kom op 'n tydstip wanneer die land gedompel is in beurtkrag. Daar is beslag gelê op verskeie toerusting, bewyse van voorafbetaalde elektrisiteit en rekordhouding van kliënte, vir verdere ondersoek.

Die provinsiale hoof van die Valke, generaal-majoor Kubrandran Moodley, het die span ondersoekers geloof dat hulle met hulle werk volgehou het totdat hierdie handel in onwettige voorafbetaalde elektrisiteit onderbreek is.

Die nasionale hoof van die DPCI, luitenant -generaal Godfrey Lebeya, prys die toewyding wat die span toon. Hy moedig die gemeenskap ook aan om nie georganiseerde misdaadgroepe te ondersteun nie. "Ek doen 'n beroep op die gemeenskap om nie elektrisiteit by diewe te koop nie. Die uitvoering van sulke verkope dra nie by tot die ontwikkeling van infrastruktuur wat nodig is om die groei van ons ekonomie te bevorder nie en wat moet help werkgeleenthede skep nie. Ons moet eerder hierdie onwettige aktiwiteite aan die owerhede rapporteer."

Verdere arrestasies word verwag. Al die verdagtes sou glo na verwagting op Maandag 23 Augustus 2021 in die landdroshof in Fochville verskyn.

# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 26 Augustus 2021 en dui aan Ngwathe het 4 824 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1 267 staan en is daar 35 positiewe gevalle bygevoeg sedert 19 Augustus 2021. Die inentingsdata soos ontvang op 20 Augustus dui aan dat Heilbron reeds 12 426 mense met die eerste Phizer dosis ingeënt het, reeds 1 895 het die tweede dosis ontvang en is 'n verdere 455 met Johnson & Johnson ingeënt. Dit is vandag dag 519 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 722 202 bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal het die 80 000 kerf verbygesteek en staan tans op 80 469 en reeds 2 474 245 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is steeds die land met die 17de meeste Covid-19 positiewe gevalle in die wêreld. Inenting vir mense tussen 18-35 jaar het geopen 20 Augustus en word die jonger ouderdomsgroep gevra om ouers saam te neem vir inentings teen die virus. Inenting is gratis, belangstellendes het slegs 'n dokument van identiteit nodig om ingeënt te word.

# VOORLEGGINGS TEEN DIE GRONDWETLIKE WYSIGING

***• Vrystaat Landbou***

Die wysiging van artikel 25 van die Grondwet sal slegs tot die ellende van Suid-Afrika bydra. Dit was die boodskap aan die parlement van die meer as 107 000 burgers wat aan Vrystaat Landbou (VL) se openbare veldtog om eiendomsreg te beskerm en die grondwetlike wysiging van artikel 25 teë te staan, deelgeneem het.

Volgens Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou, toon hierdie steun dat VL se siening oor eiendomsreg 'n baie wyer ondersteuningsbasis het as slegs die organisasie se landbou-lede. "Dit toon dat daar 'n aansienlike deel van die publiek is wat verstaan dat die ondermyning van eiendomsreg tot die ondermyning van menseregte sal lei."

VL het sy opponerende kommentaar op Vrydag, 13 Augustus aan die parlementêre komitee voorgelê. Die redes waarom Vrystaat Landbou enige grondwetlike wysiging verwerp, sluit in:

1. Plaaslike en internasionale beleggingsonsekerheid wat indiensnemingsgroei verder sal stuit.

2. Die wysiging sal 'n leemte vir nulvergoeding van alle eiendom oopmaak. Geen belegging kan in enige eiendom gemaak word as die eienaarskap van die eiendom nie vir die duur van die belegging gewaarborg kan word nie. Artikel 25 van die Grondwet soos dit is, behoorlik toegepas met markpryse as basis, kan 'n regverdige en billike grondhervorming bewerkstellig soos vereis.

3. Vrystaat Landbou is deur sy lede gemandateer om privaat eiendomsreg te beskerm. Enige vorm van voogdyskap of nasionalisering deur die staat word hewig teëgestaan. Die staat het duidelik sy onbevoegdheid bewys om grond regverdig en billik namens die burgers van SA te bestuur.

"Om hoogs produktiewe landelike landbougrond bedrywighede in gevaar te stel deur voort te gaan met die voorgestelde grondwetlike wysigings, sal Suid-Afrika net verder in 'n ernstige ekonomiese en humanitêre krisis dryf en nie die ekonomiese vryheid vir die massas bied, soos deur politici belowe nie," het Wilken gesê.

# WILGIES PRESTEER



*Marike Muller en Danielle de Villiers van Hoërskool Wilgerivier is gekies vir hul onderskeie Noord-Vrystaat Hokkiespanne. Marike is gekies vir die Noord-VS 0/18 B span en Danielle is gekies vir Noord-VS 0/14 B span.*





*Tydens die Vrystaat Landloop Kampioenskap op 20 en 21 Augustus in Bloemfontein, het die Wilgies van Hoërskool Wilgerivier pragtig presteer. Martinette Ras (0/8), behaal 'n UITSTEKENDE EERSTE PLEK en verower 'n goue medalje. Ongelukkig word slegs atlete van 0/10 af oorweeg vir die Vrystaatspan en net die eerste ses atlete word ingesluit. Tinieke Antunes (o/8), was 11de, Paul Antunes (o/10) 13de en Miné J van Rensburg (o/10) 24ste. Tiané Steyn (0/15), met haar 4km, 'n pragtige 5de plek behaal. Sy is ook ingesluit in die VRYSTAAT SPAN wat eersdaags aan die SA-kampioenskap gaan deelneem.*


CALENDAR & DESKPAD PRICELIST 2021
Save The Date and Get Ready For 2022!
Heilbron Herald

Custom
WALL CALENDAR
Full Colour on Gloss Board
Portrait, 12 Month View

A4 Wall Calendar - 297x210mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 150 | R 130 | R 280 |
| 50 | R 180 | R 180 | R 360 |
| 100 | R 240 | R 220 | R 460 |
| 300 | R 430 | R 430 | R 860 |
| 500 | R 650 | R 620 | R 1,270 |
| 1000 | R 1,200 | R 1,060 | R 2,260 |

A3 Wall Calendar - 420x297mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 150 | R 150 | R 300 |
| 50 | R 230 | R 230 | R 460 |
| 100 | R 330 | R 330 | R 660 |
| 200 | R 550 | R 540 | R 1090 |
| 300 | R 740 | R 740 | R 1,480 |
| 500 | R 1,140 | R 1,140 | R 2,280 |
| 1000 | R 2,160 | R 2,160 | R 4,520 |

Custom
WIRO TENT CALENDAR
Full Colour on Gloss Board

Ringbinded Triangular Calendar, Fold Over Pages, 2 Month View

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | R 560 | R 550 | R 1,110 |
| 100 | R 900 | R 900 | R 1,800 |
| 200 | R 1,630 | R 1,620 | R 3,250 |
| 500 | R 3,120 | R 3,120 | R 6,240 |

Custom
TENT CALENDAR
Full Colour on Gloss Board
Desk Calendar, 6 Month View

A4 Folded Triangular - 210x297mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 100 | R 510 | R 500 | R 1,010 |
| 200 | R 680 | R 670 | R 1,350 |
| 300 | R 820 | R 800 | R 1,620 |
| 400 | R 950 | R 940 | R 1,890 |
| 500 | R 1,080 | R 1,070 | R 2,150 |
| 1000 | R 1,990 | R 1,800 | R 3,790 |

Custom
WIRO CALENDAR
Full Colour on Gloss Board
Wirebind Top, Month to View

A3 Wiro Wall Calendar - 297x420mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 5 | R 550 | R 540 | R 1,090 |
| 50 | R 1,660 | R 1,650 | R 3,310 |
| 100 | R 2,840 | R 2,840 | R 5,680 |
| 200 | R 4,990 | R 4,980 | R 9,970 |

Custom
DESKPAD
Full Colour on Bond Paper
Glued at Top + Backing Board

Month to Month View
A3 Deskpad Calendar - 297x420mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 340 | R 340 | R 680 |
| 50 | R 1,050 | R 1,050 | R 2,100 |
| 100 | R 1,730 | R 1,730 | R 3,460 |
| 250 | R 3,400 | R 3,400 | R 6,800 |
| 500 | R 6,200 | R 6,200 | R 12,400 |

A2 Deskpad Calendar - 420x594mm
Constant Colour Background, Only Black Colour Changes

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | R 4,050 | R 4,050 | R 8,050 |
| 100 | R 4,600 | R 4,600 | R 9,200 |
| 200 | R 5,800 | R 5,800 | R 11,500 |
| 500 | R 8,500 | R 8,500 | R 16,100 |

Custom
FRIDGE CALENDAR
Full Colour on Fridge Magnet
Portrait, 12 Month View

Fridge Magnet Calendar - 200x220mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 130 | R 120 | R 250 |
| 50 | R 560 | R 550 | R 1,110 |
| 100 | R 995 | R 995 | R 1,990 |

# WEEK VIER-EN-DERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Jou juk wat jy nie graag wil afgooi nie, word al hoe swaarder. Dit het ek die afgelope maand agtergekom.

Kom ons noem haar Hanna. Daar is 'n menigte Hannas wat elke dag saam met ons stap. Soms kom die juk af, ander tye gooi hulle af en toe die juk op jou af.

Hanna wil nie wees wie en wat sy vandag is nie. Sy wou beter wees, iemand anders. En ongelukkig het sy toe nie kon vrede maak met haar eie verlede en hede nie.

Hanna se pa was 'n doodgewone staatsamptenaar en sy het in die "verkeerde" kant van die dorp grootgeword. Volgens Hanna se huidige lewensverhaal was haar pa 'n vermoënde boer met 'n groot plaas in die Kalahari. Volgens haar het sy haar skooljare in die Noord-Kaap deurgebring waar sy blykbaar elke oomblik geniet het.

Hanna was een van drie kinders: beide broers het redelik opgang gemaak, en dis vir haar heerlik om dit vir almal te vertel. Sy verwys na haar een broer as "die argitek" en die ander broer as "meneer", want titels is baie belangrik. Dalk omdat die enigste titel wat sy ooit gehad het, mevrou was. Nie dat daar vir enige iemand anders iets daarmee fout was nie.

Sy het haar man ontmoet toe sy tikwerk vir hom gedoen het en hulle is nie lank daarna nie, getroud. Hulle het gesukkel om swanger te raak. Uiteindelik het Hanna by 'n vrugbaarheidspesialis uitgekom wat haar kon help. Twee embrios is in haar ingeplant. Ongelukkig, volgens haar, is een embrio dood. Sy het geboorte gegee aan twee babas: een lewendig en een ongelukkig nie. Intussen het haar man, "die ingenieur," 'n hele reeks verhoudings gehad.

Op twee geleenthede het sy vir kollegas vertel watter oulike baba die meisie was, selfs as kleuter het sy die oulikste sêgoed gehad. Totdat ons uitgevind het dat die meisie dood is met of voor geboorte. Die seun lewe nog.

Hier kom die volgende storie: die seun was blykbaar so skrander dat hy in 'n spesiale skool was sodat hy 'n spesiale skoolloopbaan kon hê. Hanna sê dat sy besluit het om hom in die spesiale skool te plaas omdat hy so goed presteer het, net so slim soos "die ingenieur".

Intussen het sy en "die ingenieur" die hele wêreld vol gereis met al sy projekte. Hy het blykbaar vir min of meer almal, behalwe Elon Musk, werk gedoen. Wyd bekend, alomberoemd. Met 'n groot gevolg. "Die ingenieur" het haar telkens afgekraak omdat sy nie enige kwalifikasies gehad het nie, wil die patatrank dit hê.

Hanna en "die ingenieur" se paaie het geskei. Hulle het 'n amptelike hofstempel daarvoor gehad. Hanna se seun het uit weerwraak sy oupa aan moederskant se van aangeneem. "Die ingenieur" het 'n nuwe dame ontmoet en aan haar verloof geraak.

Een aand is "die ingenieur" in 'n motorongeluk dood. Hanna sou vir niemand vertel dat haar gewese man dood is nie. Nee, dit was haar regtige man.

Hanna vertel vir almal wat wil weet van haar wonderlike man wat een aand, op pad huis toe, dood is in 'n mototongeluk. Sy gaan verder en vertel dat sy laaste oproep aan haar en sy geliefde seun was. Met trane aangeheg.

Die seun het grootgeword, matriek in sy spesiale skool behaal en het gaan studeer. Hanna vertel dat haar seun in sy eerstejaar in 'n groot motorongeluk was, en dus baie klasse misgeloop het. Daarom het hy van kursus verander.

Diegene wat weet sê dat die Universiteit hom laat gaan het omdat hy nie sy jaarpunte behaal het nie. Ander gaan so ver om te sê dat daar hope uitstaande studieskuld was. Hy besluit egter om solank met 'n ander kwalifikasie te begin: 'n diplomakursus totdat hy, nie lank gelede nie, sy graad kon behaal. Hy is al ouer as 30. Sy vertel gereeld van die wonderlike werk wat hy elders kry, maar dan los hy die aanbod om redes wat al hoe meer stertjies bykry.

Volgens haar werk haar seun aan groot maatskappye se sekerheidstelsels. Okay: hier is my vraag: As dit sulke groot maatskappye is wat selfs op die JSE is, hoekom maak hulle van 'n kleinerige IT maatskappy gebruik vir hulle rekenaarstelsels? Nee, ek glo dit nie.

Ek kan jou vir nog 'n kwartier besig hou met allerhande liegstories. Die probleem is dat sy sò onderhoudend lieg dat jy later nie meer tussen leuen en waarheid kan onderskei nie. Sy kan nie om verskoning vra nie, want sy doen, in haar oë niks verkeerd nie.

Probleem is: sy is die hoof van 'n baie suksesvolle afdeling by 'n besigheid, omring deur sterk en intelligente kollegas wat dwarsdeur haar sien. Sy weet dit, maar die leuens raak net al hoe groter en sy word, as deel van hierdie feeverhaal, net al hoe beter.

Waar het dit begin? Ek dink by die feit dat sy nie in 'n arm buurt gebore wou wees nie. Sy wou 'n goeie kwalifikasie behaal het, en wou hê haar man moes trots wees op haar. Sy wou graag twee kinders hê, maar kon net een lewend baar.

Ek dink nie sy kon daarmee vrede maak dat sy nie is wat sy graag wou wees nie.

Dink terug aan waar jou eie wortels vandaankom: dalk was jou ouers nie ryk nie of dalk het hulle nie geleenthede gehad nie, dalk kon hulle nie van die geleenthede gebruikmaak nie. Maar jy is waar jy is danksy harde werk. Jy het wat jy het danksy geloof en genade.

Hoekom omhels jy nie dit wat jy het en leef daarmee saam nie? Wees bly vir wat jy het sodat jy daarmee kan werk en daarop kan verbeter.

Want nou sit Hanna, as erg middeljarige onvergenoegde vrou, met 'n groot gat in haar lewe, omdat sy nooit met haar seer vrede gemaak het of dalk hulp gekry het nie.

Ek stem saam Friedrich Nietzsche. Hy het gesê: "I'm not upset that you lied to me, I'm upset that from now on I can't believe you."

Want tussen Hanna en haar leuens weet ek nie meer wat waarheid is nie. Gaan maak jou seer gesond, want jy gaan menselewens kos.

# PANEEL 19



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*

## DIE AANKOMS VAN ANDRIES PRETORIUS IN NATAL

**■ Quarta Pretorius**


Andries Pretorius se aankoms in Natal in November 1838 was 'n keerpunt in die geskiedenis van die Groot Trek. Die onverbloemde vreugde en openlike bewondering waarmee hierdie flambojante Voortrekkerleier deur onderskeidelik die Trekkerman en -vrou op die paneel verwelkom word, dui op die mate waarin hy hulle weer met hoop op verlossing uit hulle ellendige toestand besiel het.

Twee Voortrekkerkinders, 'n seuntjie en 'n dogtertjie, kyk met verwondering toe. Postma het Pretorius se gesig op grond van 'n tydgenootlike karikatuur van hom gemodelleer.

Eerwaarde Erasmus Smit het in sy dagboek geskryf dat Pretorius gelyk het soos 'n "weltoegeruste, gesabelde en gepistoolde dragonder". Postma het hom dan ook só uitgebeeld. Die model vir sy lenige liggaam was Hentie van Rooy wat daarna onder sy vriende as die man met die verlore gesig bekend gestaan het.

Die model vir die vrou op die foto, wat besig is om botter in 'n botterbak van hout uit te was, was die kultuurleier J.D. Kestell se dogter Trudie.

***Beeldhouer: Laurika Postma***



## DIE RUS INGEGAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Mzilikazi Philemon Khumalo** oorlede op 11 Augustus 2021 in die ouderdom van 69. Die diens is waargeneem op 21 Augustus 2021. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Petrus Mofokeng** oorlede op 12 Augustus 2021 in die ouderdom van 68. Die diens is waargeneem op 21 Augustus 2021. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Sesi Rebecca Mokoena** oorlede op 21 Augustus 2021 in die ouderdom van 62. Die diens word waargeneem op 27 Augustus 2021. Sy laat na haar familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Marthina Isabella Coetzee** oorlede op 23 Augustus 2021 in die ouderdom van 85. Die diens word waargeneem op 28 Augustus 2021. Sy laat na haar familie en vriende.


Winkelure
MAANDAE - DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

POSTNET HEILBRON
NEW!
SAME DAY
COLLECTION AND DELIVERY
BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!
FOR ONLY R75
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK
CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!
42 Els Street, Heilbron heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078

# KENNISGEWINGS

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days from date of publication hereof.
**NOTICE LANGUAGE:** English
**PROVINCE:** Free State
**ESTATE NUMBER:** 006670/2021
**SURNAME:** Theron
**FIRST NAMES:** Leon Maartin
**DATE OF BIRTH:** 1942.09.10
**ID NR.:** 420910 5012 085
**LAST ADDRESS:**
29 Lourens Street, Villiers, 9830
**DATE OF DEATH:** 2021-05-21
**MASTER'S OFFICE:** Bloemfontein
**FIRST NAMES OF SURVIVING SPOUSE:**
Cecilia Hendrina
**SURNAME OF SURVIVING SPOUSE:**
Theron
**DATE OF BIRTH OF SURVIVING SPOUSE:**
1939-10-24
**ID NUMBER OF SURVIVING SPOUSE:**
391024 0010 089
**NAME OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
Cecilia Hendrina Theron
**ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
29 Lourens Street, Villiers, 9830
**ADVERTISER NAME:**
LE ROUX JANSEN INCORPORATED
**ADVERTISER ADDRESS:**
321 ALPINE WAY, LYNNWOOD, PRETORIA, 0081
**ADVERTISER E-MAIL:**
aktes@lerouxjansen.co.za
**DATE SUBMITTED:**
2021-08-17
**ADVERTISER TELEPHONE:**
087 630 1540
**For publication in the Government Gazette on:**
2021-08-27


**2022 Dagboeke**
Herald
Bestellings vir 2022 dagboeke kan nou geplaas word.
Office National
44 Els Street • Heilbron
Tel: 058 852 3033






**POSTNET HEILBRON**
Besigheidsure
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
*Elsstraat 42 • HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*


## JAARBEPLANNER

**SEPTEMBER 2021**
3 Sept. - NG Moedergemeente Visete (Wegneem)
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)




# TE KOOP

**2016 SPRITE TOURER SP**




## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 28/8 | -1/14 | 61% kans vir reën |
| So. 29/8 | 2/18 | Sonnig |
| Ma. 30/8 | 6/21 | Sonnig |
| Di. 31/8 | 9/26 | Sonnig |
| Wo. 1/9 | 10/28 | Sonnig |
| Do. 2/9 | 9/24 | Sonnig |
| Vr. 3/9 | 8/23 | Sonnig |
| Sa. 4/9 | 9/24 | Sonnig |
| So. 5/9 | 10/24 | Gedeeltelik bewolk |
| Ma. 6/9 | 10/26 | Sonnig |
| Di. 7/9 | 9/26 | Sonnig |
| Wo. 8/9 | 9/22 | Gedeeltelik bewolk |
| Do. 9/9 | 9/23 | Sonnig |
| Vr. 10/9 | 7/26 | Sonnig |
| Sa. 11/9 | 7/23 | Sonnig |
| So. 12/9 | 8/21 | 56% kans vir reën |
| Ma. 13/9 | 11/23 | Sonnig |
| Di. 14/9 | 13/27 | Sonnig |




# DIENSTE


**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK


**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
*Hannalie Claassen 079 040 0531*

**BLOEDSKENK DATUMS**




**28 September**
**23 November**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer*, Kantoorure 058 852 3033.

**SKOOL-TERMYNE**
Skole sluit: 1.10.2021
Skole open: 11.10.2021
Skole sluit: 15.12.2021

**Winkelure**
MAANDAE - DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Hugo Groenewald
082 569 7205





Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
Vleissentraal


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***



# WILGIE NETBALSPEELSTERS DEUR NA SA'S

Die volgende Netbalspeelsters van Hoërskool Wilgerivier is ingesluit in die onderskeie Vrystaatspanne en gaan tydens die Oktober skoolvakansie aan SA's deelneem:

0/17 Jaguar span: Jonél J v Rensburg, Elmé Muller, Lenè Richter

0/15 Jaguar span: Marli Loggenberg

0/14 Jaguar span: Annemie Groenewald, Danicia Groenewald

0/13: Oratile Mokoena

0/12: Anienke Claasen, Adri van Tonder









*Hoërskool Wilgerivier leerder, Goran Budiscak het sy Presidentsverkennertoekenning van die Voortrekkers ontvang. Dit is 'n Nasionale toekenning vir kulturele leierskap.*




# GEKIES VIR VRYSTAAT CHEETAH-SPAN



*Hoërskool Reitz leerder, Lerato Mosia, is gekies vir die Vrystaat Cheetah-span wat vanaf 3-6 Oktober aan die SA- Skole Netbaltoernooi in Boksburg gaan deelneem.*

# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA ARBEIDSTERAPEUTE PAK HEILBRON AAN

GESKRYF DEUR CLARETTE SWART



Marnique Hugo, Clarette Swart en Richelle Laing is finale jaar arbeidsterapie studente van die Universiteit van Pretoria. Hierdie drie dames het 15 Augustus Heilbron toe gekom om hulle praktiese ure by Tokollo Distrik Hospitaal te voltooi.

Arbeidsterapie is 'n medies aanvullende beroep wat gebruik maak van daaglikse aktiwiteite om individue met inherente of verwerfde gestremdhede te rehabiliteer, sodat hulle so onafhanklik as moontlik kan lewe. "Van ons toegewysde opdragte by die hospitaal sluit in om kinders by die plaaslike kleuterskool te assesseer vir skoolgereedheid, om pasiënte wat ontslaan is by hulle huise te besoek en terapie te lewer waar dit mag nodig wees en om ons kliniese toesighouer te help om protokolle vir die rehabilitasie afdeling te ontwikkel. Verder bied ons ook groep sessies aan vir die verpleegsters by die hospitaal en die gemeenskap se gesondheidsorg werkers," sê Richelle. Marnique sê dat buiten die werk wat hulle doen by die hospitaal, geniet hulle dit ook om die omgewing te verken, die stilte van die platteland te waardeer en die gasvryheid van Heilbron se inwoners te ervaar.

Die dames geniet elke oomblik van hulle arbeidsterapie avonture en hulle sien uit om tot die 3de September te leer en verken in Heilbron!


Heilbron Eiendomme

DRINGEND OPSOEK NA HUISE OM TE BEMARK!!

ANNELIZE 082 331 9856 | WIAM 062 916 0050

**VEGKOP - NUUT IN DIE MARK**
UITSTEKENDE KOOP!: Baie netjiese, lae instandhoudings siersteenhuis. 4 Ruim en sonnige kamers met ingeboude kaste en 2 netjiese badkamers. Ruim kombuis met baie houtkaste en aparte opwas. 3 Leefareas met ingeboude kaggel en werkskamer. Netjiese tuin met besproeiing. Swembad met buite braai area. 4 Motorhuise en buite waskamer. Huis beskik oor 'n alarmstelsel.
**R1.260 Miljoen**

**VEGKOP**
MODERNE HUIS: Uiters netjiese moderne huis met 3 slaapkamers en 2 badkamers. Baie mooi kombuis met houtkaste. Ruim leefarea, ingeboude kaggel. Braai area met jacuzzi. Dubbelmotorhuis en dubbelafdakke. Aparte waskamer buite. Baie netjiese tuin. Huis is omhein met palissadis. Huis is toegerus met alarm en kamarastelsel.
**R980 000**

**VEGKOP**
SONNIGE HUIS: Sonnige huis met baie potensiaal. Huis bestaan uit 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 2 badkamers, 3 leefareas wat baie son kry. Baie netjiese kombuis, dubbelmotorhuis. Groot erf wat met beton omhein is.
**R945 000**

**ANDER EIENDOMME**
• Goed ontwikkelde plot, wat addisionele inkomste kan bied, bestaan uit 2 x netjiese 3 slaapkamerhuise.
**R2.340 Miljoen**
• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, woonkamer, studeerkamer, baie mooi kombuis, swembad. Naby skool.
**R750 000**
• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, ruim leefarea en netjiese kombuis. Dubbelmotorhuis.
**R670 000**

**TE HUUR:** Ruim 4 slaapkamerhuis. Onmiddellik beskikbaar. **R4 000 per maand**

VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za


# BLOMPLANTDAG - 1 SEPTEMBER 2021

*• Heilbron Kliniek*

Heilbron Kliniek beplan om die blomtuin van die kliniek weer te verfraai. Om dit te kan doen benodig die kliniek blomplante. Inwoners van die dorp word gevra om deur hulle tuine te stap om te kyk of daar enige ekstra plante is wat aan die kliniek geskenk kan word.

Uitgehaalde plante kan asseblief afgegee word by die Heilbron Kliniek.

Byvoorbaat dankie vir alle skenkings.




# HEILBRON Duiwenuus



Die vorige week se wedvlugte is afgestel as gevolg van die ongunstige weervoorpellings. Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Noupoort oor 'n afstand van 520km. Die ope duiwe het vinniger gevlieg en die afstand in 6 ure 22 minute afgelê teen 'n spoed van 81 km per uur. Frik Viviers het die ope wedvlug gewen en Koos & Wilné Els die jaaroud wedvlug.

**NOUPOORT JO**
1. Koos & Wilné Els
2. Stemmett Hokke
3. Koos & Wilné Els
4. Koos & Wilné Els
5. OJ's Hokke
6. Stemmett Hokke
7. F Viviers
8. Zenith A
9. Zenith B
10. Zenith A

**NOUPOORT OPE**
1. F Viviers
2. F Viviers
3. Crause & Seun
4. Stemmett Hokke
5. Kobus & Wilné Els
6. Zenith A
7. Stemmett Hokke
8. F Viviers
9. Crause & Seun
10. OJ's Hokke



Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.* Kantoorure 058 852 3033.


FUNKSIONELE TERAPEUT & PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLIES, GESINSBERADING
KINDER-SPELTERAPEUT
TRAUMA, VERLIES, GEDRAGSPROBLEME
REMEDIËRING
GRAAD R: GEREGISTREERDE SKOOLGEREEDHEIDSTOETS
BREDA SCHEEPERS: 083 660 5873


# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | | | | | 9 | | | 4 |
| | 8 | 9 | 5 | | | | 1 | 6 |
| 5 | | | | 6 | | 3 | | 9 |
| 8 | 3 | 1 | | | | 7 | | 5 |
| | 2 | | | | | | 6 | |
| 9 | | 7 | | | | 8 | 4 | 2 |
| 2 | | 6 | | 1 | | | | 8 |
| 3 | 7 | | | | 6 | 9 | 2 | |
| 1 | | | 3 | | | | | 7 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2 | | | 7 | | | 4 |
| | | | | 2 | | | | |
| 4 | 5 | | | | | | | |
| | | 5 | 8 | 4 | | 2 | | |
| 6 | | | | | | 3 | | |
| 1 | | | 7 | 3 | 6 | | | |
| | 6 | 4 | | 9 | | | | |
| 3 | | 9 | 4 | | | 5 | | |
| 2 | 7 | | | | | 8 | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | | | | | | | 4 |
| | 5 | | | 7 | | 8 | | |
| | 8 | | 9 | 5 | | | | |
| | 9 | | 2 | | | 5 | | 1 |
| | | 1 | | | | 4 | | |
| 7 | | 5 | | | 1 | | 3 | |
| | | | | 1 | 6 | | 8 | |
| | | 2 | | 3 | | | 4 | |
| 4 | | | | | | | 6 | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# BETREKKING


KASSIERSPOS BESKIKBAAR

Die posbekleër is hoofsaaklik verantwoordelik vir die kodering van transaksies, ontvangs van betalings, afsluiting en balansering van kontant, bevordering van klanteverhoudings, hulpverlening met voorraadopnames en ander administratiewe take in die winkel.

Die geskikte kandidaat moet eerlik, hardwerkend en rekenaargeletterd wees.

Aansoeke kan afgegee word by Bonus Hardeware of per e-pos gestuur word na bonushardware@skysat.co.za

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 8 September 2021

BONUS HARDWARE
058 853 0169 | 072 287 4111
31 Brell Street, HEILBRON, 9650



Herald Office National
DENIM CONTI SUIT
Prices valid until end September 2021
Additional costs to be added for delivery
All prices are excluding VAT and rise per size



R232.50
WAS R250.50

STANDARD DENIM CONTI SUIT
Fabric 12.5oz Denim
Size 32 - 62
Full cut 2 piece suit
Fully triple stitched
Bar tracks on all stress points with orange stiching
Monza breast pocket
YKK Zip
Reflective can be added for additional cost at R60 per conti suit. Embroidery cost depends on logo stitch count.
marketing@heilbron.co.za
44 Els Street, Heilbron, 9650



Heilbron Herald 058 852 3033
SPECIALS
500x A5 Pamflette
• Weerskant gedruk
• Volkleur
R760 EX VAT EX DESIGN
500x Besigheidskaartjies
• Weerskant gedruk
• Volkleur
R350 EX VAT EX DESIGN
5x Faktuurboeke
50 Bladsye, Duplikaat
• Swart en Wit
R1150 EX VAT EX DESIGN
5x Kwitansieboeke
50 Bladsye, Duplikaat
• Swart en Wit
R1180 EX VAT EX DESIGN
AANBOD GELDIG TOT 30 SEPTEMBER 2021





# TERUG OP DIE PODIUM



*Op die foto bo: Verlede Saterdag se wenners van die vleispryse vl: Jackie Leonard (35 punte), Simon Malgas (35 punte) en Wiam Rautenbach (38 punte).*

Wiam Rautenbach het sy beste gholf gebêre vir Saterdag. Saam met sy dubbelmaat Jackie Leonard het hulle behoorlik John Watson en Julyan Bruyns se neuse in die grond gevryf en wen hulle die putjiespel uitspeelwedstryd met 3 en 2. Wiam was ook die dag se wenner met 38 punte. In nog 'n dubbel putjiespel uitspeelwedstryd wen John en Julyan vir Simon Malgas en Zagarhia Moholo met 4 en 3.

Volgende naweek beplan die komitee 'n lentedag kompetisie saam met die HBA maandbeker. Die weer vir Saterdag is effe aan die koue kant, maar vir die wat liewers wil gholf speel is inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.





GiG Technologies (Pty) Ltd

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!

AJAX Wireless
Smart Home Security Systems






!!Kontak ons vir kwotasies!!

VERSEKERING op Mielies, Sonneblom, Sorghum, Sojabone, Koring, Gars, Pekanneute, Makadamia's,

Inkomste waarborgprodukte se aansoeke sluit 31 Oktober'21

Madelle - 082 555 0784

'n Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer nr. 44849

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 30 AUGUSTUS 2021**

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**DINSDAG - 31 AUGUSTUS 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

SCHWEIZER-RENEKE: NIEUBADEN BOERDERY
Uitverkoping van skaapkudde
11:00, Diamanddoorns
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

**WOENSDAG - 1 SEPTEMBER 2021**

FOURIESBURG Vetvee veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

FOURIESBURG Vetvee veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

KROONSTAD: EFFICIENT GENES & GASVERKOPERS
80 Suffolk skape
11:00, Blouskool
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 2 SEPTEMBER 2021**

FRANKFORT weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**VRYDAG - 3 SEPTEMBER 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**